

Die belofte van rus is steeds van krag

Heb 4:1-10

10 April 2022

1. Heb 3:7-19 – Die volk het nie in die rus ingegaan nie weens hulle harde harte. Die broers moet soortgelyke gevalle in hulle midde dringend aanspreek. Net die wat end-uit volhard in hulle vertroue sal die rus ingaan.
2. Heb 4:1-10 se fokus is om te verseker die belofte van rus is steeds van krag
3. Die belofte van rus is steeds van krag want dit is deel van die evangelie (Heb 4:1-3a)
 - a. God is getrou en onveranderlik – daarom staan Sy beloftes vas
 - b. Oproep: Vrees dat julle nie agterbly nie (vers 1, OAV)
 - i. Moenie vrees nie (Joh 14:27, 2 Tim 1:7) vs vrees (1 Pet 2:17, Fil 2:12, Op 19:5)
 - ii. Vrees God uit respek vir Sy heiligheid, nie soos die duiwel wat vrees oor oordeel nie
 - c. OT volk en Hebreërs het evangelie gehoor, insluitend die belofte van rus (v2)
 - d. Hoer is onvoldoende – evangelie moet geglo word (v2-3a, vgl Heb 11:13b)
4. Die belofte van rus is steeds van krag want dit is deel van die skeppingsordonansies (Heb 4:3b-6)
 - a. God se skeppingswerk was afgehandel met grondlegging van wêreld (v3b-4, vgl Gen 2:2-3)
 - b. Belofte van rus was deel van die grondlegging van die wêreld
 - c. God se skeppingswerk het geëindig in rus, God se skepping gaan ook eindig in rus
 - d. Ongehoorsames sal nie die rus ingaan nie, maar bedreig nie die belofte nie (v6)
 - e. Sommiges, die gelowiges, sal wel ingaan (v6, 3)
5. Die belofte van rus is steeds van krag want God herhaal dit deur die geskiedenis (Heb 4:7-9)
 - a. God het deur Dawid die belofte van rus bevestig, maar Dawid het 400-500 jaar na intog geleef (v7)
 - b. Josua se rus was dus bloot 'n tipe van die werklike rus (v8) – daar is dus steeds die belofte van rus (v9)
6. Elkeen wat in die rus ingaan, rus van sy werk (Heb 4:10)
 - a. “Daar wag steeds 'n rus, want die Seun wat in die rus van God ingegaan het, rus van Sy werk soos God van Syne”
 - i. AW Pink
 - ii. Min vertalings vertaal dit so, direkte konteks sonder verwysing na die Seun
 - b. “Daar wag steeds 'n rus, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk (om saligheid te verdien), soos God van Syne”
 - i. Edgar Andrews, Thomas Hewitt
 - ii. Wat is die ooreenkoms tussen hierdie rus van werke tot saligheid en God se rus van skeppingswerk?
 - c. “Daar wag steeds 'n rus, want elkeen wat in die rus ingaan rus van sy skeppingsopdragte, soos God van Sy skeppingswerk”
 - i. Moontlik Stuart Olyott
 - ii. Finale rus gaan gepaard met afhandeling van skeppingsopdragte (vgl Op 14:13)